



Helderstem

www.nghelder.co.za - 021 851 5582 - kommunikasie@nghelder.co.za

In Lukas 9:51 lees ons dat Jesus sy reis **vasbeslote** na Jerusalem begin. Ek wonder oor hierdie woordjie "vasbeslote" - dis immers 'n reis van lyding wat voorlê. Dis juis die lyding wat insinueer dat Hy vasbeslote sal móét wees, anders sal Hy dalk langs die pad moed opgee (uit"chicken") en nie die reis voltooi nie.

Jesus vertel hiér al vir ons dat die reis van die lewe, maar ook die reis om Hom te volg, nie altyd maklik is nie. Ons verstaan nie altyd die reis en wat alles daarop gebeur nie (slim mense het al jare gelede opgegee om lyding heeltemal te verstaan en het selfs 'n woord daarvoor uitgedink: die "teodisee-vraagstuk"). Dit wil ons somtyds laat moed opgee. Somtyds wens ons dat die pad van lyding tog net wil verby kom. Dis 'n pad wat ons verseker eerder sal wil vermy. Dalk voel jy selfs nou om nie eers meer verder hierdie artikel te lees nie. Maar byt vas, want daar is altyd die belofte van goeie nuus vir die mens wat vasbyt op hierdie pad en Jesus bly volg.

Jesus vra nie dat jy alleen agter Hom aanstap nie. Hy stap sáám met jou. Hoe nader jy aan Hom stap, hoe méér bevoorreg is jy om Sy stem te hoor. En die goeie nuus van opstanding is altyd voor oë - klein, óf groot, oorwinnings al reeds langs die pad. Die goeie nuus van wonderlike lewenslesse. Die goeie nuus van Jesus se nabyheid. Op die ou end word die "opofferings" in ons lewens die dinge wat ons Jesus op 'n nuwe manier laat sien.

Dis die bonus: hoe meer ek vasbyt, volg, myself in die proses verloor om aan Hom vas te klou, hoe meer begin ek 'n nuwe, verbasend wonderlike w(W)êreld ervaar wat alles wat jy al ooit vooraf gesien het, heeltemal in waarde oortref. Diepsinnig waardevol.



Sondag 24 Februarie

Uitgenooi om Hom te volg...

Lukas 9:51-62

08:00 Meditatief	Danie O'Kennedy
08:00 Klassiek	Danie Möller
09:30 Meditatief	Danie O'Kennedy
09:30 Informeel	Lizette Louw
09:30 Jeugaktiwiteite	
09:00 HGG	Hannes Theron
10:00 HB Village	Danie Möller
10:30 Internas Studente	Die Khaya
18:00 Tienerkerk	Emile Neethling
19:00 Aandkerk	Lizette Louw

Deurkollekte: Pêrel Projek



WiFi

Aanteken - NG-Guest

Wagwoord - s%F5ByM2

Sondag 3 Maart

08:00 Meditatief	Lizette Louw
08:00 Klassiek (doop)	Breda Ludik
09:30 Meditatief	Lizette Louw
09:30 Informeel (doop)	Hannes Theron
09:30 Jeugaktiwiteite	
09:00 HGG	Danie Möller
10:00 HB Village	Breda Ludik
10:30 Internas Studente	Die Khaya
18:00 Tienerkerk	Pieter Gouws
19:00 Aandkerk	Hannes Theron

Bid saam met ons vir die volgende mense:

Helene Swart - kanker
Desiré Groenewald - kanker
Fanie Schoeman - kanker
Sarel du Toit - kanker, beenmurgoorplanting behandelings
Ria Sass - heupoperasie
Danie Schoeman - hospitaal
Botha Marais - herstel na operasie
Bernard en Marike Visser se baba, Carina, is baie siek
Paul en Michelle Swanepoel - ernstige gesondheidsprobleme
Van Zyl Siebert - kanker
Kerneels Erasmus - voetoperasie
Faan van der Westhuizen - ernstige rugoperasies en beenkanker
Evi van der Merwe – kankerbehandeling
Isella van der Walt se pa - dementia en in hospitaal
Hennie Albertyn - herstel na beroerte
Lizette van der Walt - beenmurgkanker, besluit oor behandeling
Ilze Havenga - wag op niervervang

Moet ons vir jou bid? Laat weet ons asseblief by die kerkkantoor: 021-851 5582 of ontvangs@nghelder.co.za

Dagboek

26 Februarie - Kerkraadsvergadering

In die Kapel om 19:00, almal is welkom

6 Maart - Aswoensdag

Heeldag dienste

16 Maart - Phuket-uitreik

Span vertrek na Phuket

13 April - Herfsmakietie

Kontak louise@nghelder.co.za vir meer inligting



Is jy 'n nuwe lidmaat?

Kom kuier saam met ons na die oggenddienste in die Tent by die Nuwe Lidmaat-tafel en kry ook sommer 'n gratis lekker koffie.



Die week:

Dinsdag 26 Februarie

06:00 Kom bid saam - Tent

19:00 Kerkraadsvergadering - Kapel

Donderdag 21 Februarie

08:45 Bybelstudie - Kapel

17:30 DC, S&P, GS en DC4K

18:45 Kantory oefen

Vrydag 1 Maart

Wêreldbiddag vir vroue

Saterdag 2 Maart

Wêreldbiddag vir mans

Woordbediening

Webblad

Op die webblad kan jy luister na die klassieke en informele dienste, maar nou kan jy ook na 'n video van die informele diens kyk.

Gaan na www.nghelder.co.za en kyk onder "Mediateek", daar is albei beskikbaar.

Gebed vir die week:

Here, dankie dat U nooit ophou met lewe gee nie. Dankie dat U soos 'n vars bries ons altyd wil kom skoon waai. Dankie dat U vry maak... Amen.

Belydenis van geloof

Persone wat graag hul lewende verhouding met Jesus Christus voor God en die gemeente wil bely word uitgenooi om die belydenisvorm in te vul. Die vorm kan op die gemeente se webblad afgelaai word en is ook beskikbaar by die kerkkantoor. Die voltooide vorm kan teruggestuur word aan Annette Botha.



Die belydenisaflegging bestaan uit twee geleenthede:

- 'n Intieme geleentheid in die Kapel waar die jongmense, hul ouers en/of familie saam nagmaal gebruik. Dié geleentheid vind plaas die Woensdag om 19:00 vòòr die Belydenissondag en
- die openbare belydenis van geloof in een van die eredienste.

Belydenisaflegging-Sondae	Gespreksgeleentheid in Kapel om 19:00
10 Maart	6 Maart
19 Mei	15 Mei
11 Augustus	7 Augustus
27 Oktober	23 Oktober

Navrae kan gerig word aan Annette Botha, fbadmin@nghelder.co.za of 021-851 5582




Verkiesing

Ons het nie net 'n verantwoordelikheid om ons stem op 8 Mei uit te bring nie, maar as kerk van die Here Jesus Christus te bid vir ons land en hierdie komende verkiesing.

Elke Dinsdag om 06:00-06:45

is daar 'n geleentheid om saam te bid vir ons land en gemeente, asook vir die verkiesing. Ons bid onder andere dat in hierdie land 'n heilige ongemak sal kom t.o.v. korrupsie, rassisme en die uitbuiting van mense.

Mag hulle wat hulle daaraan skuldig maak geseën word met slapelose nagte.



Herfsmakietie

Helderberg hou Herfsmakietie op 13 April van 9:00 tot 15:00

‘n Oproep aan alle entoesiastiese en vindingryke omgegroepe, bedienings, projekte, groepe en individue om deel te neem.

Verkope-tafels is beskikbaar in die tent. Jy is welkom om enigiets te verkoop. Die opbrengs van jou winste kan vir die gemeente, ‘n projek, of jouself gaan. Die keuse is joune. Daar is slegs 20 tafels binne beskikbaar, maar baie plek buite. Alle plekke is R300 per tafel/staanplek.

Jy kan natuurlik ook kos- en drinkgoed stalletjies registreer.

Wie kan deelneem? Almal is welkom!

Jou tafel word bespreek met bewys van betaling by louise@nghelder.co.za

Navrae: Louise Theron by 021-851 5582




Jou witolifante is goud vir ons

Alles in jou huis wat jy nie meer nodig het nie, of in jou pad is, is baie welkom by die witolifanttafel van die **Herfsmakietie**.

Bring asb na die kerkkantoor of kontak vir Maatjie Botha by 021-855 3872 of 082 6199 040. Sy sal ook kom afhaal by jou huis.

Dankie dankie dankie....



Wen ‘n kombes

Vir die **Herfsmakietie** het ons ‘n kompetisie om hierdie pragtige gehekelde kombes (regs) te wen, kaartjies kos R30 en is te koop by ontvangs.

Koop sommer nou jou kaartjie.



Herfsmakietie- kompetisie!!!

Wen 'n Woody Storecart ter waarde van R1 400

Inskrywings @ R50 elk kan by Helderberg Gemeente kerkkantoor verkry word.

Die kompetisie is ten bate van die Sri Lanka-projek van Helderberg Uitreik.



Die borge is:

Helderberg
UITREIK



www.trolleycompany.co.za

Huwelikseminaar

Die realiteit vandag is dat huwelike onder baie druk verkeer. Gevolglik ly gesinne daaronder. 'n Florerende huwelik is 'n noodsaaklike hoeksteen vir gelukkige kinders en 'n gesonde gesin. VitaAmp help met die herstel van en groei in huwelike.

VitaAmp huwelikseminaar word deur Rudolph en Sanet Grobler aangebied. Rudolph is 'n leraar by NG Kerk George-Bergsig en Sanet



het 'n agtergrond in bedryfsielkunde en berading. Die reeks sal jou help om beter jou maat se behoeftes te verstaan en te vervul. Op hierdie manier sal daar dieper intimiteit en meer passie in julle verhouding wees op al die vlakke van eenheid.

Die seminaar sal Vrydagaand 3 Mei by Helderberg Gemeente met 'n ete afskop, gevolg met twee sessies en dan 'n verdere twee sessies word op Saterdagoggend 4 Mei aangebied. Die seminaar beloop R450 per paartjie. 'n Kinderoppassersdiens kan op versoek gereël word.

VitaAmp wil jou help tot 'n florerende huwelik. Stuur jou naam en kontakbesonderhede aan die kerkkantoor indien jy belangstel.



Jubeljaar - storie van ons verlede

Helderberg se eerste fees

Gedurende dr Clifford Heys se bediening het die gemeente haar tienjarige bestaan op Vrydagaand 15 September 1997 gevier met 'n heerlike braaivleis by Happy Vale, oom Koos de Waal se plaas.

Sondagoggend 16 September was die gedenkdien. Die teks by die geleentheid was Rom 11:16-17 – die kerk is soos 'n olyfboom, dit groei en dra vrug, dit het takke wat afgebreek word en nuwe takke wat uitspruit

– só is die kerk se liggaam van Christus, één ten spyte van die vertakkinge van taal, kultuur en ander verskille.



Dans, kuier en vermaaklikheids-funksie

Wanneer: 6 April 2019 om 19:00

Waar: Curro Sitari Skoolsaal

- Vier uitnemende gaskunstenaars en 'n orkes wat dans-musiek verskaf
- Skaap op 'n spit met hoender, aartappeltjies en 3 soorte slaaie
- Varsgebakte brood met appelkooskonfyt
- Koeksisters met tee of koffie



Inkomste is ten bate van die Pêrel Projek. Meer inligting volg binnekort.

Al het die kursus reeds begin is jy steeds welkom om deel te word.

Raak dood, egskeiding of enkelouerskap jou gesin?

Ons volgende siklus kursusse begin weer op Donderdag, 14 Februarie om 18:00.

Kontak Annette Botha by

harmonyhelderberg@gmail.com

vir meer inligting.



HARMONY
Relationships
Restored &
Reconnected



A circular graphic with a teal and pink background, featuring the text "#Imagine SAVE THE DATE! 29-31 MARCH 2019". Below the circle, it says "TEENAGERS AGED 12-18 YEARS Volunteers & Group Leaders of all ages Welcome!". At the bottom, there are social media icons for Facebook, Twitter, and Instagram, along with a phone number and an email address.

#Imagine
SAVE THE DATE!
29-31 MARCH 2019

TEENAGERS AGED 12-18 YEARS
Volunteers & Group Leaders of all ages Welcome!

 [imaginemove](#)  [imagine_moveSA](#)  [imagine.movement.](#)
 +2779 991 7847  info@imaginemovement.co.za


Navrae: Annette Botha – 021-8515582 of fbadmin@nghelder.co.za

Herfsmakietie

Boeke, boeke....asseblief

Skenk netjiese gebruikte boeke, veral kinder- en jeugboeke, vir Uyavula se stalletjie by die Herfsmakietie.

Lewer asseblief af by die kerkkantoor, dankie.



Wat doen die Pêrel Projek?

Die Pêrel Projek bedien 'n aantal plaasgemeenskappe in die Helderbergkom waar hulle mense wat in sosiale en finansiële nood verkeer bemagtig om onafhanklik en selfversorgend te word, sodat hulle op die lang termyn aan hulle eie lewensbehoefes kan voorsien.

Hoe doen die Pêrel Projek dit?

Deur die mense in nood toe te rus met behulp van:

- Vroeë kinderjare ontwikkeling (crèche/kleuterskool)
- Studiehulp aan skoolgaande kinders.
- Geletterdheid vir volwassenes
- Bybelklubs en Christelike jeugbediening
- Handvaardighede, soos naaldwerk, houtwerk, mosaïk, brei, verf en krale
- Positiewe selfbeeld ontwikkeling
- Bewusmaking van die gevare van dwelms en alkoholmisbruik
- 'n Mobiele biblioteek met DVD's en boeke
- Sopkombuis tydens die wintermaande
- Sport organiseer in die gemeenskap
- Maatskaplike hulp aan gesinne in nood
- Kersgeskenke vir bejaardes



Lees meer oor ons projek en oor ons droom om die Sentrum van Hoop te bou op ons webblad: www.pearlproject.co.za

Vrywilligers

Pêrel Projek is op soek na 'n aantal vrywilligers wat in die namiddae kan help om iets vir die skoolkinders aan te bied. Net vir 'n aantal kere of weekliks tydens skoolkwartale.

Kontak asb die projekleier Maria Kirsten by 082 703 3742 of Frederike van Schalkwyk by 076 177 6256

Pêrel Projek sê baie dankie vir die ondersteuning wat ons jaarliks uit die gemeente ontvang.



Bemagtig 'n kind

Pêrel Projek het 96 kinders in die kleuterskool. Vir die kinders word 'n opvoedkundige program aangebied en die voedingsskema bestaan uit ontbyt, middagete en tussendeur 'n vrug of broodjie. Baie van die ouers kan nie die skoolfooi bekostig nie.

Jy kan 'n kind borg vir R250 per maand of eenmalig vir R3 000 per jaar.

Bankbesonderhede:

Bank: ABSA

Rek naam: Helderberg Uitrek

Spaarrekening nommer: 9114483080

Takkode: 632005

Verwysing: Perel Pr. ECD

Stuur asb bewys van betaling aan: antoinette@nghelder.co.za

(Artikel 18A vorm is beskikbaar)



HELDER- MAMMAS

*Alle mammas welkom
Ons kom op Woensdae
bymekaar vir 'n goeie
kuier en speelyd.*

**0-18 Maade 09:00-
10:30*

**18 maande + 14:30-
16:00*

**KONTAK GERUS
VIR ANNETTE 0825457718
MEAGIN 0713540509**

Vakatures

Sentrumbestuurder Helderberg Ontwikkelingsentrum

As jy belangstel in die pos en meer wil weet van die vereistes en waaroor die pos gaan, besoek ons webblad by

www.nghelder.co.za of Helderberg Ontwikkelingsentrum se Facebookblad by https://www.facebook.com/Helderberg-Development-Centre-246078995424620/?epa=SEARCH_BOX

Sperdatum vir aansoeke is **28 Februarie 2019**



Kinderwerker pos: 10 Uur per week Bedieningsgeleentheid met maandelikse honorarium

Die Kinderevangelisasieprojek benodig 'n persoon wat met die projek werksaamhede kan help en aan die volgende vereistes voldoen:

Die persoon moet:

- 'n Roeping hê om die Evangelie aan kinders te bring en hulle te kan begelei op 'n dissipelskap-pad.
- In staat wees om Bybelklubs in skole/kleuterskole/die gemeenskap selfstandig te hanteer. Opleiding en ondersteuning sal gegee word. Klubs is meestal soggens en sommige in die middag.
- Besik oor goeie administratiewe en rekenaarvaardighede.
- Verantwoordelik wees vir eie vervoer .
- Die persoon moet, in samewerking met die span, behulpsaam wees by:
- Organisering en aanbied van 1 of 2 kampe per jaar, asook werkswinkels en ander span-geleenthede.

Belangstellendes kan 'n kort CV stuur aan minette.krog@gmail.com

Sperdatum vir aansoeke is **1 Maart 2019**.



**Helderberg Gemeente
Bankbesonderhede**

Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 (tjek)
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing Naam of bediening
Navrae Antoinette du Toit
021- 851 5582

Helderberg NG Gemeente

021-851 5582
www.nghelder.co.za
Leraarnoodnommer
083 988 2003
ontvangs@nghelder.co.za
Beradingsentrum:
Telefoon: 079 417 3863
berading@nghelder.co.za


**Helderberg Uitreik
Bankbesonderhede vir Art 18A**

ABSA Helderberg-tak: 632005
Rek nr. 9114483080
Spaarrekening
Verwysing: Projeknaam of WBB

Kerkkantoorure

Weeksdae: 08:00 - 16:00
Vrydae: 08:00 - 13:00
Sondae: 08:30 - 11:30
Skoolvakansie: 8:00 - 13:00

 SnapScan

 SnapScan



Helderberg Gemeente

Helderberg Uitreik
Artikel 18A

Gesinne in nood in ons gemeente word finansiell en maatskaplik deur die Versorgingsfonds ondersteun. Dankie vir getroue bydraes. Lees meer op www.nghelder.co.za onder Bedieninge, Onderlinge Sorg, Versorgingsfonds

Versorgingsfonds



**Helderberg Gemeente
Bankbesonderhede**

Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 - tjek
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing *Versorgingsfonds*